Watervoorsiening aan die Oos-Transvaalse Hoëveld

Water supply to the Eastern Transvaal Highveld



Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het 'n invloei van mense meegebring wat deur die jare vermeerder het. En saam met die groei in bevolking en mynboubedrywighede, het die nywerheidsektor gedy.

Vandag is die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniginggebied (algemeen bekend as die PWV-gebied) die polsslag van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar word verwag dat dié gebied teen die jaar 2000 ongeveer 42% van die RSA se stedelike bevolking sal huisves en 56% van alle nywerheids- en 79% van alle mynbouproduksie sal lewer. Die energiebehoeftes van hierdie nywerhede en stede word hoofsaaklik bevredig uit die steenkoolvelde oos van Johannesburg, in die gebied wat bekend staan as die Oos-Transvaalse Hoëveld.

Verskeie groot termiese kragsentrales is deur Eskom naby die steenkoolvelde opgerig om te voorsien in die behoeftes van 'n snel ontwikkelende PWV-gebied. Die lewensvatbaarheid van 'n projek om steenkool om te skakel in 'n vloeibare brandstof en ander chemiese koolstowwe (carbo-chemical products) het aanleiding gegee tot die vestiging van twee sintetiese brandstofaanlegte, Sasol II en III, in dieselfde gebied.

Al hierdie nywerhede is vir hul voortbestaan afhanklik van 'n ander belangrike grondstof behalwe steenkool – WATER. Eskom, byvoorbeeld, gebruik van 0,7 tot meer as twee liters water (afhangende van die verkoelingsmetode wat gebruik word) vir elke krageenheid (1 kWh) wat deur sy termiese kragsentrales opgewek word.

The discovery of gold on the Witwatersrand in 1886 brought on an influx of people which increased over the years. And along with the increase in population and mining activities, the industrial sector thrived.

Today the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging area (referred to as the PWV area) is the heart of South Africa's economy – an area which by the year 2000 will accommodate 42% of the RSA's urban population and will produce 56% of all industrial and 79% of all mining output. The energy required by these industries and cities is mainly derived from the coalfields to the east of Johannesburg, in the area known as the Eastern Transvaal Highveld.

Some very large thermal power-stations were erected by Eskom in close proximity to these coalfields to provide for the energy demands of the rapidly developing PWV area. The viability of converting coal into liquid fuel and other carbo-chemical products also gave rise to the erection of two large synthetic fuel plants, Sasol II and III, in the same area.

Apart from coal, all these industries are dependent on one other essential resource to manufacture their product – WATER. Eskom, for example, uses from 0,7 to more than two litres of water (depending on the cooling method used) for every energy unit (1 kWh) produced at their thermal power-stations.

Beskikbaarheid van water

Met 'n gemiddelde reënval van 350 mm laer as die wêreldgemiddelde van 860 mm, is die grootste uitdaging vir Suid-Afrika se Departement van Waterwese om die balans te handhaaf tussen die beskikbare watervoorraad en die toenemende aanvraag en om die ontginning en aanvulling van die voorrade te beplan.

Water het relatief skaars geraak op die Oos-Transvaalse Hoëveld aangesien die grootste gedeelte van die beskikbare water reeds toegeken is aan plaaslike nywerheids-, huishoudelike en besproeiingsontwikkeling. Toe Eskom dus besluit om sy eerste groot 1 000 MW-kragsentrale in die sestigerjare op die steenkoolvelde te bou, moes die Departement hom dus tot aangrensende opvanggebiede wend vir water.

Availability of water

With an average rainfall of 350 mm less than the world average of 860 mm, the greatest challenge for South Africa's Department of Water Affairs is to maintain the balance between available water supplies and sharply rising demands and to plan the exploitation and augmentation of these supplies.

Water on the Eastern Transvaal Highveld has become scarce as all available water resources have been allocated for local industrial, domestic and irrigation use. When Eskom decided to build its first 1 000 MW major power-station on the coalfields in the 1960s, it thus became necessary to look at neighbouring catchments for water.

Fig. 1



USUTU RIVER GWS — **USUTURIVIER-SWS**

Schematic diagram of relative elevations — **Skematiese diagram van relatiewe hoogte**

Usuturivier-staatswaterskema

Die skema soos dit tans bestaan, is in vyf fases gebou en bestaan uit die Jericho-, Westoe- en Morgenstonddam en die Churchill-uitkeerwal. 'n Aantal pompstasies, pypleidings en die Westoetonnel maak die vervoerstelsel van dié skema uit. Die skema dra water vanaf die Usuturivieropvanggebied oor na die gebruikers in die Vaalrivieropvanggebied (Camden-kragsentrale en Ermelo-munisipaliteit) en die Olifantsrivieropvanggebied (Kriel-, Matla- en Kendal-kragsentrale en die dorp Davel).

Usutu River Government Water Scheme

The scheme as it exists today was built in five phases and consists of the Westoe, Jericho and Morgenstond Dams and the Churchill diversion weir. A number of pumping stations, pipelines and the Westoe Tunnel also form part of this scheme which transfers water from the Usutu River catchment area to users in the Vaal River catchment area (Camden Power-Station and Ermelo Municipality) and in the Olifants River catchment area (Kriel, Matla and Kendal Power-Stations and the town of Davel).

Fases waarin skema gebou is

Fase 1: 1964 – 1966

- Konstruksie van die Jerichodam in die Mpamarivier.
- Bou van 'n pompstasie onderkant die damwal en van 'n enkele stygleiding vanaf die pompstasie tot by twee balanseerreservoirs op die plaas Onverwacht op die waterskeiding tussen die Usutu- en die Vaalrivier-opvanggebied.
- Bou van een swaartekragpypleiding vanaf die Onverwacht-reservoirs na die Camden-kragsentrale en eindpuntreservoirs by Camden.

Fase 2: 1966 – 1968

- Verhoging van die Jerichodam met behulp van vyf radiaalsluise, elk 3,96 m hoog en 10,97 m breed.
- Konstruksie van die Westoedam in die Usuturivier waarvandaan water deur middel van die Westoetonnel (1,16 km lank) en 'n swaartekragpypleiding vanaf die tonneluitlaat tot in die Jerichodam gelei word.

Fase 3: 1969 – 1971

- Verhoging van die Westoedam met behulp van twee boepenssluise, elk 4,57 m hoog en 45,4 m breed.
- Verdubbeling van die pypleiding van die Jerichodam na die Camden-kragsentrale.
- Konstruksie van 'n derde reservoir by Onverwacht.

Fase 4: 1974 – 1981

- Konstruksie van 'n pypleiding vanaf die Camden- na die Kriel-kragsentrale en van 'n derde pypleiding tussen Onverwacht en Camden.
- Konstruksie van 'n derde reservoir by Camden en die reservoirs by Rietspruit en Davel.
- Bou van die Morgenstonddam in die Ngwempisirivier asook 'n stygleiding en pompstasie vir die oordrag van water na die Jerichodam.
- Vergroting van die Jericho-pompstasie en konstruksie van die Kliphoek-aanjaagpompstasie om die oordragvermoë van die Jerichodam na die Onverwacht-reservoirs te vergroot.

Fase 5: 1984 – 1990

- Konstruksie van die Churchill-keerwal in die Bonniespruit en 'n kanaal van 9 km om die water uit die Bonniespruit na die Westoedam uit te keer.
- Konstruksie van 'n vierde swaartekragpypleiding tussen Onverwacht en Camden.
- Verhoging van die Morgenstonddam deur middel van drie radiaalkruinsluise, elk agt meter hoog en nege meter breed en die bou van 'n onbeheerde oorloop.

Noodskema (1987)

- Word bespreek as deel van die Usutu-Vaalrivier-staatswaterskema – kyk bladsy 12.

Phases in which the scheme was built

Phase 1: 1964 – 1966

- Construction of the Jericho Dam on the Mpama River.
- Construction of a pumping station below the dam wall and a single rising main from the pumping station to two balancing reservoirs on the farm Onverwacht on the watershed between the Usutu and the Vaal River catchment areas.
- Building of one gravity pipeline from the Onverwacht reservoirs to the Camden Power-Station plus terminal reservoirs at Camden.

Phase 2: 1966 – 1968

- Raising of the Jericho Dam by means of five radial gates, each 3,96 m high and 10,97 m wide.
- Construction of the Westoe Dam on the Usutu River from where water is conveyed to the Jericho Dam by means of the 1,16 km long Westoe Tunnel and a gravity pipeline from the tunnel outlet.

Phase 3: 1969 – 1971

- Raising of the Westoe Dam by means of two fish-belly flap gates, each 4,57 m high and 45,4 m wide.
- Doubling of the pipeline from the Jericho Dam to the Camden Power-Station.
- Addition of a third reservoir at Onverwacht.

Phase 4: 1974 – 1981

- Construction of a pipeline from the Camden to the Kriel Power-Station and of a third pipeline between Onverwacht and Camden.
- Construction of the third reservoir at Camden and the Rietspruit and Davel reservoirs.
- Construction of the Morgenstond Dam on the Ngwempisi River as well as a rising main and pumping station for the transfer of water to the Jericho Dam.
- Enlargement of the Jericho Pumping Station and the construction of the Kliphoek Booster Pumping Station to increase the water transfer capacity from the Jericho Dam to the Onverwacht reservoirs.

Phase 5: 1984 – 1990

- Construction of the Churchill Weir on the Bonnie Brook and a 9 km long canal to divert water from the Bonnie Brook to the Westoe Dam.
- Construction of a fourth gravity pipeline between Onverwacht and Camden.
- Raising of the Morgenstond Dam by means of three radial crest gates, each eight metres high and nine metres wide and of an uncontrolled spillway.

Emergency Scheme (1987)

This scheme is discussed as part of the Usutu-Vaal River GWS – see page 12.

Werking van die skema

Die Westoedam se water vloei onder swaartekrag na die Jerichodam via die Westoetonnel en 'n pypleiding. 'n Pompstasie by die Morgenstonddam (wat gebou is om bykomende water aan Eskom se kragsentrales te voorsien) pomp ook water tot by die Jerichodam met behulp van 'n pypleiding. Die water word dan na die Onverwacht-reservoirs op die waterskeiding tussen die Usutu- en die Vaalrivier gepomp. Daarvandaan vloei die water onder swaartekrag deur vier groot pype, elk met 'n lengte van 17 km, tot by die Camden-reservoirs. 'n Gedeelte van hierdie water word deur die Camden-kragsentrale en -woonbuurt en die Usutu-steenkoolmyn gebruik.

Die res van die water word vanaf die Camden-pompstasie tot by die Rietspruit-reservoirs net suid van Ermelo gepomp, waarvandaan dit na die Davel-drukbreekreservoirs vloei. Die water vloei onder swaartekrag verder tot by die Khutala-reservoirs. (Onderweg is daar 'n aftappunt na die reservoir by die Kriel-kragsentrale.) Vanuit hierdie reservoirs word water met behulp van die Khutala-pompstasie na die Kendal-kragsentrale gepomp. Die Kuthala-reservoirs, pompstasie en pypleidings maak gesamentlik die Sentraal-Hoëveld-sws uit.

Surpluswater wat by die Kriel-kragsentrale beskikbaar is, kan na die Matla-kragsentrale geneem word deur middel van 'n pompstasie en pypleiding wat deur Eskom gebou is. Hierdie pypleiding kan ook water in die teenoorgestelde rigting, dit wil sê vanaf die Matla- na die Kriel-kragsentrale, vervoer in 'n noodgeval – soos wanneer 'n onderbreking van die watertoevoer vanaf die Usuturivier-sws sou voorkom. Die Khutala-pompstasie kan ook in 'n noodgeval met behulp van 'n verbindingspypleiding vanaf die Matla-reservoirs voorsien word. (Laasgenoemde reservoirs se water word normaalweg vanuit die Grootdraaidam via die Rietfontein-pompstasie voorsien – kyk Usutu-Vaalrivier-sws.)

'n Bestendige lewering van 254 027 m^3 water kan daagliks deur hierdie skema oorgedra word. Dit is 109% van die geprojekteerde behoefte vir 1995 en sal tot omstreeks die jaar 2010 in die toenemende nywerheids- en stedelike behoeftes in die stelsel se voorsieningsgebied kan voorsien.

Functioning of the scheme

Water flows by tunnel and gravity pipeline from the Westoe to the Jericho Dam. A pumping station at the Morgenstond Dam (which was built to supply additional water to Eskom's power-stations) also pumps water via a pipeline to the Jericho Dam. The water is then pumped from the Jericho Dam to the Onverwacht reservoirs on the watershed between the Usutu and Vaal Rivers. From this point the water flows under gravitation through four large pipes, each 17 km long, to the Camden reservoirs. A certain volume of this water is used by the Camden Power-Station, its residential area and the Usutu Colliery.

The remainder of the water is pumped by means of the Camden Pumping Station to the Rietspruit reservoirs south of Ermelo. From here the water gravitates to the Davel break-pressure reservoirs. The water continues to flow under gravitation to the Khutala reservoirs with an off-take along the way to the reservoirs at the Kriel Power-Station. The water is then pumped by means of the Khutala Pumping Station to the Kendal Power-Station. The Khutala reservoirs, pumping station and pipelines jointly comprise the Central Highveld GWS.

Surplus water that is available at the Kriel Power-Station can be conveyed to the Matla Power-Station by means of an Eskom pumping station and pipeline. The pipeline is also capable of transporting water in the opposite direction, i.e. from the Matla to the Kriel Power-Station in an emergency such as an interruption of the water supply from the Usutu River GWS. The Khutala Pumping Station can also receive water from the Matla reservoirs by means of a connecting pipeline during an emergency. (The Matla reservoirs are normally supplied from the Grootdraai Dam via the Rietfontein Pumping Station – see Usutu-Vaal River GWS.)

A reliable yield of 254 027 m^3 of water per day can be transferred by means of the Usutu River GWS. This constitutes 109% of the projected demand for 1995 and is sufficient to supply the increasing industrial and urban demand on the system until about the year 2010.

Bedryf van die skema

Die Usuturivier-sws is die Departement van Waterwese se mees gesofistikeerde watervoorsieningstelsel – al vier pompstasies word bedryf met behulp van 'n afstand-beheerde, rekenaarondersteunde telemetriestelsel vanuit 'n sentrale beheerkamer wat by die Jerichodam geleë is. Die twee hoofbeheerkleppe, voor die Davel- en die Krielreservoir, en die druktoring-beheerklep vir die Rietspruitreservoirs, word ook deur die telemetriestelsel beheer. Die verste klep word vanaf 'n afstand van nagenoeg 150 km beheer.

Operation of the scheme

The Usutu River GWS is the Department of Water Affairs' most sophisticated water supply system to date – all four of the pumping stations are remotely controlled by means of a computer-supported telemetry system from a centrally located control room situated at the Jericho Dam. The two main control valves, situated at the Davel and the Kriel reservoirs, and the pressure tower control valve for the Rietspruit reservoirs are also controlled by the telemetry system. The furthest valve is controlled over a distance of approximately 150 km.

Jerichodam

Die Jerichodam bestaan uit 'n saamgestelde wal met grondflanke en 'n sentrale massabetonoorloopgedeelte. Die wal is verhoog deur die toevoeging van vyf radiaalsluise, elk 3,96 m hoog en 10,97 m breed.

Die Jerichodam is só geleë dat dit aanvullingswater uit ander riviere in die Usutubekken kan ontvang – eerstens uit die Westoedam in die Usuturivier en tweedens uit die Morgenstonddam in die Ngwempisirivier. 'n Pompstasie is onderkant die damwal geleë.

DATA:

Jaar van voltooiing	1966 (verhoog 1968)
Doel	Watervoorsiening vir termiese kragsentrales, huishoudelike en nywerheidsgebruik
Rivier	Mpamaspruit
Opvanggebied	218 km^2
Gemiddelde jaarlikse afloop	23,6 miljoen m^3
Naaste dorp en provinsie	Amsterdam, Transvaal
Tipe	Saamgestelde wal met grondflanke en sentrale betonoorloop met vyf radiaalsluise
Bruto opgaarvermoë	59,3 miljoen m^3
Walhoogte bokant laagste fondament	23,4 m
Kruinlengte	1 170 m
Tipe oorloop	Radiaalsluise (beheerd)
Oorloopvermoë	835 m^3/s
Oppervlakte van dam by volvoorraadhoogte	989,7 ha
Geologie van terrein	Onverweerde tot totaal verweerde graniet
Eienaar, ontwerp en konstruksie	Departement van Waterwese

Jericho Dam

The Jericho Dam has a composite wall with earth flanks and a central mass gravity overspill section. The wall has been raised by adding five radial gates, each 3,96 m high and 10,97 m wide.

The Dam is ideally situated to receive augmentation water from other rivers in the Usutu basin – firstly from the Westoe Dam on the Usutu River and secondly from the Morgenstond Dam on the Ngwempisi River. A pumping station is situated below the Jericho Dam wall.

DATA:

Year of completion	1966 (raised 1968)
Purpose	Water supply for thermal power-stations, domestic and industrial use
River	Mpamaspruit
Catchment area	218 km^2
Mean annual run-off	23,6 million m^3
Nearest town and province	Amsterdam, Transvaal
Type	Composite wall with earth flanks and central concrete spillway with five radial gates
Gross storage capacity	59,3 million m^3
Wall height above lowest foundation	23,4 m
Crest length	1 170 m
Type of spillway	Radial gates (controlled)
Spillway capacity	835 m^3/s
Surface area of dam at full supply level	989,7 ha
Site geology	Unweathered to completely weathered granite
Owner, design and construction	Department of Water Affairs

Westoedam

Die Westoedam bestaan uit 'n saamgestelde wal met grondflanke en 'n sentrale massabeton-oorloopgedeelte wat verhoog is met behulp van twee boepenssluise, elk met 'n hoogte van 4,57 m en 'n breedte van 45,4 m. ('n Boepenssluis word laat sak om die water *bo-oor* te laat oorloop, terwyl die meer algemene radiaalsluis gelig word om water aan die *onderkant* deur te laat.)

Water word onder swaartekrag deur middel van die 1 160 m-lange Westoetonnel en die Westoe-Jericho-betonpypleiding van 15 km met 'n dravermoë van 2,15 m^3/s tot in die Jerichodam gevoer.

DATA:

Jaar van voltooiing	1968 (verhoog 1972)
Doel	Watervoorsiening vir termiese kragsentrales, huishoudelike en nywerheidsgebruik
Rivier	Usutu
Opvanggebied	531 km^2
Gemiddelde jaarlikse afloop	47,8 miljoen m^3
Naaste dorp en provinsie	Amsterdam, Transvaal
Tipe	Saamgestelde wal met grondflanke en sentrale betonoorloop met twee boepenssluise
Bruto opgaarvermoë	60 miljoen m^3
Walhoogte bokant laagste fondament	23 m
Kruinlengte	1 006 m
Tipe oorloop	Boepenssluise (beheerd)
Oorloopvermoë	1 680 m^3/s
Oppervlakte van dam by volvoorraadhoogte	725 ha
Geologie van terrein	Onverweerde tot totaal verweerde lawa
Eienaar, ontwerp en konstruksie	Departement van Waterwese

Westoe Dam

The Westoe Dam consists of a composite wall with earth flanks and a central mass gravity overspill section that was raised by means of two fish-belly flaps, each with a height of 4,57 m and a width of 45,4 m. (A fish-belly flap is lowered to allow the water to flow *over* the gate, whereas the better known radial gate is raised to allow the water to flow *underneath* the gate.)

The water is transferred under gravity into the Jericho Dam by means of the 1 160 m long Westoe Tunnel and the Westoe-Jericho concrete pipeline of 15 km and a carrying capacity of 2,15 m^3/s.

DATA:

Year of completion	1968 (raised 1972)
Purpose	Water supply for thermal power-stations, domestic and industrial use
River	Usutu
Catchment area	531 km^2
Mean annual run-off	47,8 million m^3
Nearest town and province	Amsterdam, Transvaal
Type	Composite wall with earth flanks and central concrete spillway with two fish-belly flaps
Gross storage capacity	60 million m^3
Wall height above lowest foundation	23 m
Crest length	1 006 m
Type of spillway	Fish-belly flaps (controlled)
Spillway capacity	1 680 m^3/s
Surface area of dam at full supply level	725 ha
Site geology	Unweathered to completely weathered lava
Owner, design and construction	Department of Water Affairs



Morgenstonddam

Die volvoorraadhoogte van die Morgenstonddam is in 1990 met sewe meter verhoog deur die installering van drie radiaalsluise op die oorloop, waardeur die aanvanklike opgaarvermoë van die dam van 45 miljoen m^3 tot 100,7 miljoen m^3 vermeerder is. 'n Onbeheerde oorloop is ook gebou om 'n vloed met 'n herhalingsperiode van 20 jaar te hanteer sonder dat die sluise in bedryf gestel hoef te word. Al die oorlope wat met sluise toegerus is, is op die regterflank geleë. Met die sluise heeltemal oop, sal 'n vloed wat gemiddeld een keer in 200 jaar verwag word, deurgelaat kan word. Om die hoofwal ten tye van 'n groter vloed te beskerm, is 'n noodoorloop tussen die radiaalsluise en die onbeheerde oorloop gebou.

Die pompstasie is stroom af van die damwal op die linkeroewer van die rivier geleë. Die stygleiding van die Morgenstonddam na die Jerichodam is 8,8 km lank en het 'n deursnee van 900 mm. Dié pompstasie en stygleiding kan 45,6 miljoen m^3 water jaarliks aan die Jerichodam lewer.

Die Morgenstonddam beskik tans oor geen ontspanningsgeriewe nie maar is die eerste Departementele dam wat gesoneer is om te verseker dat toekomstige ontwikkeling op 'n beplande en geordende wyse sal geskied.

DATA:

Jaar van voltooiing	1978 (verhoog 1990)
Doel	Watervoorsiening vir termiese kragsentrales, huishoudelike en nywerheidsgebruik
Rivier	Ngwempisi
Opvanggebied	546 km^2

Morgenstond Dam

The initial storage capacity of the Morgenstond Dam of 45 million m^3 was increased in 1990 to 100,7 million m^3 when the full supply level of the dam was raised by seven metres with the installation of three radial crest gates on the spillway. An uncontrolled spillway was also constructed to cope with a flood with a return period of 20 years without having to operate the gates. All gated spillways are situated on the right flank. With the gates fully open, the spillway will be able to pass a flood which can, on average, be expected once in 200 years. In order to protect the main wall against larger floods, an emergency spillway was built between the radial gates and the uncontrolled spillway.

The pumping station is situated downstream of the dam wall, on the left bank of the river. The rising main from the Morgenstond Dam to the Jericho Dam is 8,8 km long and has a diameter of 900 mm. The pumping station and the rising main are capable of delivering 45,6 million m^3 of water per annum to the Jericho Dam.

No recreational facilities are available at the Morgenstond Dam at present, but it is the first Departmental dam which was zoned to ensure that any future recreational development will take place in a planned and orderly manner.

DATA:

Year of completion	1978 (raised 1990)
Purpose	Water supply for thermal powerstations, domestic and industrial use
River	Ngwempisi
Catchment area	546 km^2

Gemiddelde jaarlikse afloop	56,3 miljoen m^3
Naaste dorp en provinsie	Amsterdam, Transvaal
Tipe	Grond met drie radiaalkruinsluise en onbeheerde oorloop
Bruto opgaarvermoë	100,7 miljoen m^3
Walhoogte bokant laagste fondament	44,5 m
Kruinlengte	574 m
Tipe oorloop	Drie beheerde radiaalsluise,'n onbeheerde oorloop en noodoorloop.
Hoofoorloopvermoë	1 500 m^3/s
Oppervlakte van dam by volvoorraadhoogte	982 ha
Geologie van terrein	Onverweerde gabbro
Ontwerp	International Orange River Consultants Consortium (Pty) Ltd en Departement van Waterwese
Konstruksie	Burton Construction en Departement van Waterwese
Eienaar	Departement van Waterwese

Mean annual run-off	56,3 million m^3
Nearest town and province	Amsterdam, Transvaal
Type	Earthfill with three radial crest gates and an uncontrolled spillway
Gross storage capacity	100,7 million m^3
Wall height above lowest foundation	44,5 m
Crest length	574 m
Type of spillway	Three controlled radial gates, an uncontrolled spillway and an emergency spillway
Main spillway capacity	1 500 m^3/s
Surface area of dam at full supply level	982 ha
Site geology	Unweathered gabbro
Design	International Orange River Consultants Consortium (Pty) Ltd and Department of Water Affairs
Construction	Burton Construction and Department of Water Affairs
Owner	Department of Water Affairs



Churchill-uitkeerwal

Die Churchill-uitkeerwal is in die Bonniespruit gebou om die Westoedam se water aan te vul. 'n Kanaal met 'n lengte van ongeveer 9 km kan water teen 1,5 m^3/s aan dié dam lewer.

DATA:

Jaar van voltooiing	1985
Rivier	Bonniespruit
Opvanggebied	119 km^2
Gemiddelde jaarlikse afloop	10,2 miljoen m^3
Geologie van terrein	Effens verweerde tot totaal verweerde graniet

Churchill Diversion Weir

The Churchill Diversion Weir was built on the Bonnie Brook to augment the water supply of the Westoe Dam. A 9 km long canal is able to supply water to this dam at a rate of 1,5 m^3/s.

DATA:

Year of completion	1985
River	Bonnie Brook
Catchment area	119 km^2
Mean annual run-off	10,2 million m^3
Site geology	Slightly weathered to completely weathered granite



USUTU-VAAL RIVER GWS

Schematic diagram of relative elevations

Usutu-Vaalrivier-staatswaterskema

Die toenemende vraag na water oorgedra vanaf die Usuturivier-sws, het die Departement van Waterwese genoodsaak om 'n ander waterbron te ontgin – die bolope van die Vaalrivier. Die gevolglike Usutu-Vaalrivier-sws is in twee fases gebou: die eerste waarin die bolope van die Vaalrivier gebruik is en die tweede waarin dié bolope weer aangevul is met water vanaf die Assegaairivier, 'n sytak van die Usuturivier, naby Piet Retief.

Fase 1: (1977 – 1981)

Hierdie fase het bestaan uit die konstruksie van die Grootdraaidam in die bolope van die Vaalrivier naby Standerton vanwaar water via 'n kanaal, twee pompstasies en twee pypleidings na die Trichardtsfontein-balanseerdam gepomp word. Water word uit die balanseerdam in die Trichardtspruit na die Rietfontein-stuwal losgelaat waar dit onttrek word om water aan die Matla-kragsentrale te voorsien. Die Kriel-kragsentrale ontvang sy water gewoonlik van die Usuturivier-staatswaterskema, terwyl die Matla-kragsentrale sy water gewoonlik van die Usutu-Vaalrivier-staatswaterskema

Usutu-Vaal River Government Water Scheme

The increasing demand for water transferred from the Usutu River GWS, necessitated the Department of Water Affairs to exploit another water source – the headwaters of the Vaal River. The ensuing Usutu-Vaal River GWS was built in two phases: The first utilising the headwaters of the Vaal River and the second supplementing these headwaters with water from the Assegaai River, a tributary of the Usutu River, near Piet Retief.

Phase 1 (1977 – 1981)

This phase comprised the construction of the Grootdraai Dam on the Upper Vaal River near Standerton from where water is pumped to the Trichardtsfontein balancing dam by means of two pumping stations, two pipelines and a canal. Required quantities of water are released from this balancing dam down the Trichardtspruit to the Rietfontein weir, from where it is pumped to the Matla Power-Station. The Kriel Power-Station normally receives water from the Usutu River Government Water Scheme, while the Matla Power-Station usually is supplied from the Usutu-Vaal River Government Water



ontvang. 'n Pompstasie en pypleiding tussen die Matla- en die Kriel-kragsentrale dien die tweeledige doel dat Matla van water voorsien kan word uit die Usuturivier-sws en dat die Kriel-kragsentrale weer uit die Usutu-Vaalrivier-sws van water voorsien kan word, sou daar 'n tekort aan water in een van die twee stelsels ontstaan.

Surpluswater vanuit die Trichardtsfontein-balanseerdam kan via die Rietfontein-stuwal in die Steenkoolspruit losgelaat word vanwaar dit na die Olifantsrivier en dan na die Witbankdam vloei. Die Duvha-kragsentrale kry sy water vanaf laasgenoemde dam via die Departement se Naauwpoort-pompstasie en van die Bo-Komatirivier-staatswaterskema (kyk Fig. 4). Indien water vanaf die Bo-Komati-stelsel om een of ander rede nie na die Duvha- en Hendrina-kragsentrale oorgedra kan word nie, kan water via die Naauwpoort-pompstasie aan albei kragsentrales voorsien word.

Die Usutu-Vaalrivier-sws voorsien ook die Tutuka-kragsentrale en Sasol II en III van water. Water vir Tutuka word direk uit die Grootdraaidam gepomp en water vir Sasol II en III word tussen die Grootfontein-pompstasie en die Trichardtsfontein-balanseerdam by die Knoppiesfontein-balanseer- en distribusiereservoir na die Bossiespruit-balanseerdam uitgekeer.

Scheme. A pumping station and pipeline between the Matla and Kriel Power-Stations serve the dual purpose of being able to supply Matla with water from the Usutu River GWS and the Kriel Power-Station with water from the Usutu-Vaal River GWS, should a shortage of water occur in any of the two systems.

Surplus water from the Trichardtsfontein balancing dam can be discharged into the Steenkoolspruit via the Rietfontein weir. The water then flows to the Olifants River which feeds the Witbank Dam. The Duvha Power-Station obtains its water from this dam via the Department's Naauwpoort Pumping Station and from the Upper Komati River Government Water Scheme (see Fig. 4). If for any reason the water supply from the Upper Komati system to the Hendrina and Duvha Power-Stations is interrupted, the Naauwpoort Pumping Station is able to supply water to both power-stations.

The Usutu-Vaal River GWS also supplies the Tutuka Power-Station and Sasol II and III with water. Water for Tutuka is pumped directly from the Grootdraai Dam and water for Sasol II and III is diverted to the Bossiespruit balancing dam at the Knoppiesfontein balancing and distribution reservoir which lies between the Grootfontein Pumping Station and the Trichardtsfontein balancing dam.

Fig. 3



GROOTDRAAI DAM EMERGENCY SUPPLEMENT SCHEME

Schematic portrayal

GROOTDRAAIDAMNOODAANVULLINGSKEMA

Skematiese voorstelling

Grootdraaidam-Noodaanvullingskema (1983)

Ernstige droogtetoestande in die opvanggebiede van die Komati-, Usutu-, en Bo-Vaalrivier gedurende die vroeë tagtigerjare het die Departement genoodsaak om nog 'n addisionele bron van water vir die Oos-Transvaalse Hoëveld te vind. Die enigste uitweg was om water vanaf die Vaaldam oor te dra om die Grootdraaidam aan te vul. Dit kon alleen gedoen word deur die vloei van die Vaalrivier om te draai – 'n vindingryke stuk ingenieurswese wat daartoe gelei het dat die Departement die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurswese (SAISI) se nasionale toekenning vir die beste siviele ingenieursprojek in 1984 ontvang het.

Die noodaanvullingskema is binne 20 weke voltooi en het bestaan uit die bou van sewe stuwalle in die Vaalrivier, elkeen met 'n pompstasie aan die stroomafkant van die wal om die water vanaf die laerliggende "dam" na die hoërliggende "dam" te pomp. Die water is oor 'n totale afstand van 208 km vervoer met 'n verskil in statiese hoogte van 61,5 m tussen die Vaal- en Grootdraaidam.

Alhoewel die ingenieurswerk deur die Departement verrig is, het die konstruksie van die skema plaasgevind in noue samewerking met Eskom en Sasol wat, as die hoofverbruikers van die water, verantwoordelik was vir die finansiering van die skema. Eskom het ook al die nodige pompe voorsien en geïnstalleer.

Die hoeveelheid water wat vanaf die Grootdraaidam na die Trichardtsfontein-balanseerdam oorgedra kan word, is terselfdertyd verdubbel deur die verdubbeling van die vermoë van die bestaande twee stygleidings.

Grootdraai Dam Emergency Augmentation Scheme (1983)

Severe drought conditions in the catchment areas of the Komati, Usutu and Upper Vaal Rivers in the early 1980s compelled the Department to look for an additional source of water supply for the Eastern Transvaal Highveld. The only option was to transfer water from the Vaal Dam to augment the Grootdraai Dam. This could only be done by reversing the flow of the Vaal River – an engineering achievement which won the Department the award from the South African Institution of Civil Engineers (SAICE) for the best civil engineering project in 1984.

The emergency augmentation scheme was completed within 20 weeks and comprised the building of seven earth compacted weirs on the Vaal River, each with a pumping station on the downstream side to pump water from the lower-lying "dam" to the higher-lying "dam". The total distance along which the water had to be transported was 208 km at a static height difference of 61,5 m between the Vaal and Grootdraai Dams.

Although engineered by the Department, the scheme was constructed in close collaboration with Eskom and Sasol who, as the main users requiring this water, were responsible for the financing of the project. Eskom also supplied and installed all the necessary pumps.

